



HOËRSKOOL PRETORIA-NOORD

PRIVAATSAK X05
PRETORIA-NOORD
0116
E-pos: administrasie@pnhs.co.za

H/V BERGLAAN EN EEUFESSTRAAT
PRETORIA-NOORD
TEL: (012) 546-6590
FAKS: (012) 546-9463

23 September 2021

OB: 32 / 2021

Geagte ouers

1. Lief en Leed

- Dit is met leedwese dat ons kennis geneem het van die afsterwe van een van ons ouers, Mnr. Jacques Duminy, ons dra sy gesin op aan ons Hemelse Vader en bid vir vertroosting vir hulle in hierdie moeilike tyd.

2. Skoolbywoning

Skoolbywoning vir die tydperk 17 September – 23 September 2021: graad 8: 93%, graad 9: 90%, graad 10: 89%, graad 11: 91% en graad 12: 98%.

3. COVID 19

Ons het 2 COVID positiewe gevalle onder ons leerders en 4 leerders is in isolasie vanweë kontak.

4. Sagtebal:

4.1 Liga 4: Seuns v/s Gerrit Maritz, 17 September 2021, tuis

Seuns	0/14 A	0/14 A	0/15 A	0/15 A	0/16 A	0/16 A	0/19 A	0/19 A
Skool	PN	GM	PN	GM	PN	GM	PN	GM
Uitslag	6	3	11	8	10	1	5	4
Uitslae tot dusver								
Gewen	3		1		2		3	
Gelykop	0		0		0		0	
Verloor	0		2		0		1	

4.2 Liga 5: Dogters v/s Montana, 17 / 18 September 2021, tuis

Dogters	0/14 A	0/14 A	0/15 A	0/15 A	0/16 A	0/16 A	0/19 A	0/19 A
Skool	PN	Mon	PN	Mon	PN	Mon	PN	Mon
Uitslag	0	11	2	5	11	3	6	1
Uitslae tot dusver								
Gewen	2		3		5		4	
Gelykop	0		0		0		0	
Verloor	1		1		0		1	

4.3 Liga 6: Dogters v/s Wilgers, 18 September 2021, tuis

Dogters	0/14 A	0/14 A	0/15 A	0/15 A	0/16 A	0/16 A	0/19 A	0/19 A
Skool	PN		PN		PN		PN	Wilgers
Uitslag							12	2
Uitslae tot dusver								
Gewen	2		3		4		5	
Gelykop	0		0		0		0	
Verloor	1		1		0		1	

5. Krieket

16 Sept.: PNHS 0/15A v/s Overkruin. Overkruin stel uit agv. COVID 19 situasie.

18 Sept.: PNHS 1 v/s Overkruin 1 tuis. PNHS 1 kolf eerste en behaal 141 / 10 in 43, 1 beurte. Goeie kolfwerk deur Jean Swart met 29 lopies van 27 balle. Overkruin antwoord met 143 / 3 in 18,4 beurte. Goeie boulwerk deur JJ du Raan met 1 / 21 in 4 beurte. Overkruin wen met 7 paaltjies. Dit was ons 1ste span se derde ligawedstryd waarvan hulle drie verloor.

20 Sept.: PNHS 2 v/s Hartebeespoort 2, tuis. PNHS kolf eerste en behaal 136 / 8 in hul toegelate 20 beurte. Goeie kolfwerk van Stiaan Janse van Rensburg met 50 van 43 balle en Nathan du Preez met 42 van 40 balle. Hartebeespoort antwoord met 140 / 6 en gaan ons telling verby met 2 balle oor in die wedstryd. Goeie boulwerk van Ruan Ball met 3/19 in 4 beurte, Jayden Nell met 1 / 23 in 2 beurte en Xander Bronkhorst met 1 / 38 in 4 beurte. Hartebeespoort wen met 4 paaltjies. Dit was ons 2de span se vierde ligawedstryd, waarvan hulle vier verloor.

21 Sept.: PNHS 0/14 A v/s Wonderboom 0/14 A, tuis. PNHS kolf eerste en behaal 164 / 2 in 20 beurte. Goeie kolfwerk van Keraan van Wyk met 69 lopies van 55 balle en Ettiene du Bruyn met 26 van 20 balle. Wonderboom antwoord met 80 / 10 in 18 beurte. Goeie boulwerk deur Ettiene de Bruyn met 3 / 17 in 4 beurte. PNHS wen met 84 lopies. Dit was ons 0/14 A span se vierde ligawedstryd waarvan hulle twee wen en twee verloor.

6. Gholf

21 Sept.: PNHS 1 v/s Zwartkop 4 by Zwartkop gholfbaan. PNHS wen met 2 ½ teenoor 1 ½ wedstryde. Geluk aan Leigh Loots en Regard du Preez, wat hul wedstryde wen. Dit was ons vyfde ligawedstryd waarvan ons 4 wen en 1 gelykop speel.

7. Sewe's rugby, Montana toernooi, 17 en 18 September

0/15:

Wedstryd 1	PNHS wen H/S Centurion	31 - 5
Wedstryd 2	PNHS wen H/S Montana	7 - 5
Wedstryd 3	PNHS wen H/S John Vorster	33 - 5
Semi-finaal	PNHS verloor teen Eldoraigne	0 - 26
Uitspele 3/4	PNHS verloor teen H/S Montana	0 - 33
PNHS eindig 4de		

0/17:

Wedstryd 1	PNHS wen Curro Roodeplaat	26 - 21
Wedstryd 2	PNHS gelykop teen Ellisras	12 - 12
Wedstryd 3	PNHS wen H/S Erasmus	33 - 0
Semi-finaal	PNHS verloor teen Montana	0 - 24
Uitspele 3/4	PNHS wen teen Curro Roodeplaat	7 - 5
PNHS wen brons medaljes vir die 3de plek		

8. Afrikaanse Ekspo

Baie geluk aan ons Afrikaanse Departement en leerders met 192 inskrywings. Baie geluk aan ons leerders wat 77 goue-, 80 silwer- en 32 brons medaljes wen. 3 Leerlinge ontvang deelname sertifikate.

Baie geluk aan ons kategoriewenners:

- Maruché Smith vir voordrag poësie.
- Maruché Smith vir voordrag prosa.
- Kayla Roets vir resensies.
- Kayla Sharpe (oud leerder) vir opstelle studente.

9. Merietefunksie 2021

- Alle leerders wat trofee ontvang het by die 2020 merietefunksie moet dit asseblief inhandig by Mev. Du Plessis.
- Alle leerders wat presteer het in aktiwiteite buite skoolverband moet asseblief bewyse van hierdie prestasies by Mev. Swanepoel inhandig. Leerders wat in gebreke bly om bewyse in te handig sal geen meriete-erkenning van die skool ontvang nie. Geen laat inhandigings sal ongelukkig aanvaar kan word nie omdat die merieteprogram vasgestel moet word.

10. PNHS jaarblad

Geagte ouers ons sal weer in 2021 'n jaarblad uitgee, bestaande uit kleur foto's van ons leerders en aktiwiteite vir 2021. Die formaat neem weer die formaat van 'n glans, gekleurde, gebinde, koffietafel gehalte boek. Bestellings teen R 80-00 per eksemplaar kan by u kind se voogonderwyser geplaas word. Spertyd vir bestellings is 1 Oktober 2021. Maak seker dat u nie die geleentheid mis om u hande op hierdie stukkie PNHS geskiedenis te kry nie.

11. PNHS Geheelskool Evaluering, 12 en 13 Oktober 2021

Neem kennis dat PNHS saam met 'n groep skole uit Tshwane Wes distrik getrek is om 'n Geheelskool evaluering deur 'n paneel van die Gauteng Departement van Onderwys te ondergaan. Dit sal plaasvind op 12 en 13 Oktober 2021.

12. Algemene Ouervergadering

Geagte ouers neem asseblief kennis dat ons algemene jaarvergadering vir ouers, waar die begroting vir 2022 voorgelê, bespreek en goedgekeur sal word, word geskeduleer vir Dinsdag, 26 Oktober 2021 om 18H00 in die saal. Ons nooi al ons ouers uit om deel te wees van hierdie baie belangrike vergadering om u insette te lewer. Volgens regulasies moet daar 'n kworum wees, indien daar nie 'n kworum op Dinsdag, 26 Oktober 2021 is nie sal die vergadering op Maandag, 15 November 2021 om 18H00 in die saal plaasvind en voortgaan al is daar nie 'n kworum nie. Die voorlopige begroting sal beskikbaar wees vir insae by ons finansiële kantoor per afspraak vanaf Dinsdag, 22 September 2021.

13. Vakansiewerk vir leerders

Een van ons verskaffers: "Overkruin Uitrusters" bied aan ons graad 10 – 12 leerders die geleentheid om vakansiewerk te doen by hulle winkel gedurende die Desember – Januarie vakansie. CV's kan gestuur word na: sales@overkruinuitrusters.co.za vir aandag Mej. Marcé Huisamen. Sperdatum vir aansoeke is 31 Oktober 2021.

14. Program vir die week

- Donderdag, 23 September: *
- * **Graad 12 rekordeksamen**
 - * Graad 8 – 12, dag 5.
 - * Graad 11 akademiese uur: Wiskunde (S6), 14H15 – 15H15.
 - * Krieket liga 3: PNHS 0/15A v/s Wagpos 0/15A, 14H30, weg.
 - * Krieket liga 4: PNHS 1 v/s Wonderboom, 14H30, tuis.
- Vrydag, 24 September: *
- * **Vakansiedag: Erfenisdag**
- Saterdag, 25 September: *
- * Rugby: 7's toernooi, 08H00, Eldoraigne.
- Maandag, 27 September: *
- * **Graad 12 rekordeksamen.**
 - * Graad 8 – 12: dag 2.
 - * Krieket liga 5: PNHS 2 v/s AHS 6, 14H30, tuis.
- Dinsdag, 28 September: *
- * **Graad 12 rekordeksamen.**
 - * Graad 8 – 12: dag 1.
 - * Krieket liga 5: PNHS 0/14 v/s Wagpos, 14H30, weg.
- Woensdag, 29 September: *
- * **Graad 12 rekordeksamen.**
 - * Graad 8 – 12, dag 2

- Donderdag, 30 September: * **Graad 12 rekordeksamen**
* Graad 8 – 12, dag 3.
* Krieket liga 4: PNHS 0/15A v/s Sutherland 0/15A, 14H30, tuis.
- Vrydag, 1 Oktober: * **Graad 12 rekordeksamen**
* Graad 8 – 12, toetsdag
* **Skool sluit om 10H00**
- Maandag, 11 Oktober: * Skool heropen vir Vierde Kwartaal

Vriendelike Groete



Mnr. CJC Driescher
Hoof



Hiermee wil ons graag ons dank uitspreek aan elkeen van u vir die getroue bydrae van nie-bederfbare produkte wat ons so deurlopend ontvang.

Ons is ook dankbaar vir dat u dit help moontlik maak om elke dag broodjies te kan voorsien. Dit is voorwaar 'n seen om ons ouers se omgee te ervaar.

Ondersteun asb ons Saaidag projek.
Saam kan ons 'n verskil maak.

VIERBAL
R2500-00

Sluit in:

- Speelfoie vir 4 spelers
- 2 x gholfkarretjies
- Verwelkomingspakkies
- Halfweghuisbewyse
- Prysuitdeling
- Ete

PUTJIEBORG - 1
R1500-00

Sluit in:

- Uitstalspasie by 'n putjie

PUTJIEBORG - 2
R3500-00

Sluit in:

- Uitstalspasie by 'n putjie
- Speelfoie vir 4 spelers
- 2 x gholfkarretjies
- Verwelkomingspakkies
- Halfweghuisbewyse
- Prysuitdeling
- Ete

PNHS Ghosfdag

15 Oktober 2021



PRETORIA GOLF CLUB
SINCE 1894

Kontak Anneke Smith vir besprekings en borgskappe.
annekesmith8@gmail.com

Mahindra
Rise.

HOT DEALS!

Mahindra

Pretoria North

CALL 012 546 2908



www.mahindraptan.co.za